# LUTHER DIE PREDIKER

*Prof. J. J. van der Walt*

'n Prediker moet 'n getroue herder wees wat magtig is in die Heilige Skrif, want die Woord bring die kerk voort. Daarom moet die prediker in sy bediening aan mense 'n woord van sekerheid hê deur seker te wees hy het die Woord van God. Met hierdie gedagtegang het Luther se pastorale besorgdheid vaste bodem vir die prediking in die gesag van die Woord van God.

Luther se reformasie van die geloofsleer moes gepaard gaan met reformasie van die prediking. Enkele aspekte daarvan word vervolgens aangedui.

*God se Woord moet gespreek word*

Volgens Luther moes hy drie misstande in die Roomse kerk bekamp: 'n geslote Woord; fabels en legendes in die prediking; en eredienste as verdienste. Daarom het die erediens in die Roomse kerk saamgetrek in werkheiligheid want die mens bewerk vir homself genade by God deur die offer van die mis.

Hierteen het Luther die prediking van die Woord geplaas as die sentrum van die erediens. Die mens moet die Evangelie ontvang. Wat is die Evangelie anders as die prediking dat Christus Homself vir ons gegee het, dat Hy ons verlos van sonde en dat almal wat dit glo gewis verlos is, sê hy.

'n Erediens sonder prediking ag hy onmoontlik, want die Woord werk die geloof. Daarom is dit beter om glad nie as gemeente saam te kom nie as daar slegs gelees en gesing word. Prediking en gebed is die noodsaaklike vereiste van 'n erediens.

Maar die vernaamste is die prediking, sê hy in "Deutschen Messe und Ordnung des Gottesdienst" van 1523. En in sy rede oor Th. 4 : 13, by ampsaanvaarding van Keurvors Johann von Sachsen (1532), stel hy dat die "grösste Gottesdienst" die prediking is. Alles kom daarop aan dat die Woord weer aan die orde ("ym schwang") kom, want daar doen God sy werk. Die sentrale plek wat hy aan die prediking in die erediens toeken is daarop bereken dat die Woord weer sy beslissende rol in die lewe van mense moet hê.

Die Skrif is vir hom gepredikte woord. Die Evangelie is wesenlik nie Skrif nie maar mondelinge woord. Daarom het Christus niks geskrywe nie, maar sy leer "Evangelie" genoem en dit met die mond laat werk ("getrieben").

Luther stel woorde en prediking so ná aan mekaar dat dit die indruk skep asof die Woord slegs in die prediking werk. Onder die gebruik van die Skrif in die erediens verstaan hy nie die lees van die Skrif nie maar die prediking, die uitlê of verklaring van die Skrif. Hy was oortuig dat die Bybel identies is met die Woord van God, hulle is een koek (ein Kuchen).

Mense verwerp die Bybel omdat hulle God Self ook verwerp. Die Bybel is soos 'n masker waardeur God na ons kom, een van die larva Dei. God kom na ons toe op geen ander wyse as deur larva, d.i. deur Hom gekose bedekkings of maskers. In sy onbedekte majes-

teit sal ons Hom nie kan aanskou en lewe nie. Ons sonde-natuur maak ons onbekwaam om Hom sonder bedekking te sien. Sins die sondeval is die aangesigte van God 'n sagte windjie, 'n wolk, doop, die woord — wisselend van die groen blaar van 'n boom tot die Vleesgeworde Seun.

Een van die aangesigte van God is dan die Bybel. Die God-gegewe funksie van die Bybel is om gepreek te word; bestudeer, gelees en in die hart oordink te word, om harte om te keer tot berou en geloof. Hierdie funksie kan die Bybel nie vervul sonder dat dit reg gebruik word nie. Daarom lê hy soveel klem op die prediking en stel hy prediking bó lees. In Luther se standpunt moet dus nie 'n skeiding tussen Woord en Gees ingelees word nie. Sy vaste oortuiging was, op grond van die Skrif self, dat die Heilige Gees *altyd* werkende is in sy Woord.

Luther se gebondenheid aan die Woord het hom die verwyt op die hals gehaal dat hy aan die letter verslaaf gebly het. Luther kom vir sommige gesofistikeerde teoloë naïef voor, en al te gereed om te aanvaar wat die Bybel sê. Hy loop die risiko om in huidige denkklimaat 'n "biblisis" genoem te word. ('n Etiket wat sonder twyfel onwaarmaakbaar sal wees, soos elke Luther-kenner weet). Maar die feit is dat hy, in die argument oor die gesag van die Skrif as die gesag van God gereed sou wees om enige etiket te verduur, selfs van "biblisis", ter wille van sy vaste geloof. Hy sou homself teen so 'n etikettering eenvoudig geskaar het aan die sy van die Saligmaker in die woestyn, die ou bose vyand as die aggressor geïdentifiseer het, en onwrikbaar bly staan het op die Skrifwoord, soos Jesus ook gedoen het. Luther het nooit 'n duim toegegee op die punt dat die Bybel in elke opsig die boek van die Heilige Gees is nie (vgl. Klug, 1971, p. 38).

*Die prediking is uit Christus en deur Christus*

Luther se Godsbegrip onderskei tussen Deus absconditus en Deus relevans — verborge en geopenbaarde God. Daarmee sê Hy God is tegelykertyd vir mense ontoeganklik én aan mense geopenbaar sover dit Hom behaag. Hiermee wil Luther alle vorme van versaakliking van God afweer. God is die Onbereikbare en Onbekenbare behalwe in sy Selfopenbaring. En die openbaring van God is gegee in die Tweede Persoon van die Drie-eenheid, die Seun wat vlees geword het. In Christus is Hy "God vir ons", want in die dood en opstanding van Christus het ons (gelowiges) saam met Hom gesterf en opgestaan. In ooreenstemming hiermee onderskei Luther tussen God en God se Woord, maar vereenselwig hy God se Woord en Christus.

Daarom is die versoeningswerk van Christus die oorsprong van die prediking. Prediking moet uit die Woord neem en aan die mense aanbied. Die prediking is die middel waardeur God die versoeningswerk van Christus uitdeel, en daarom kan prediking slegs Christus-prediking wees. Christus en geloof is die onmisbares vir prediking.

Soos prediking sy oorsprong in Christus het, so bly ook in prediking Christus immer Self die Een wat handel. Hy is die le-

wendige Subjek van prediking. Christus is die Woord van God, God se eie uitgesproke Woord deur die Gees. As God dus nie deur die gesproke woord van die prediker werk nie bly die preek ydel, leeg — 'n menswoord. Die Goddelike Woord eien dit Hom toe om deur mense gepreek te word. Sonder hierdie prediking kom God nie in Christus by die mens teenwoordig nie. God se handeling maak prediking tot lewende woord van die Evangelie (viva vox Evangelii) wanneer die prediking getuig dat die Vleesgeworde Woord die historiese Persoon, Jesus Christus, is; Hy wat gekruisig was en opgestaan het.

Dat prediking die lewende woord van God is, lê nie in die hande van die prediker nie, maar in die handeling van Christus; Hy wat die inhoud van die prediking is en tegelykertyd dié Prediker, Hy gee aan prediking mag.

*Die prediking is die swaard van Christus teen die Bose*

Luther sien die prediking as 'n belangrike element in die eskatologiese stryd tussen Christus en Satan. Die prediking is voluit in die stryd betrokke want daarin veg Christus teen die Bose om hom en sy werke te vernietig. Hierdie vernietiging sal eers op die jongste dag volvoer wees.

Daarom is die magte van die Bose in oproer waar die Woord gehoor word want die prediking is die aktiewe swaard teen sonde, dood en duiwel. Luther sê die duiwel bekommer hom nie as slegs die feit van die Bybel oorgedra word nie, maar hy is in aksie as die versoeningswerk van Christus die hoorders toegesê word. Dit wil sê: 'n rasionele en formele kennis van die Bybel hou vir die duiwel geen gevaar in nie. Maar wanneer die gelowige die heilsfeite van die Evangelie vir hom toeëien, dán word Satan se mag verbreek en word hy verdryf en verderf. Daarom wil Satan die toesegging van die versoening en die toeëiening daarvan met alle mag verydel en verhinder. Die Bose is daarop uit om te keer dat die versoening in Christus deur gelowiges aangeneem word wanneer dit in die prediking aan hulle aangebied word. Daarom woed die stryd by die prediking waar die Woord uitgelê en toegepas word sodat dit in die lewe van die gelowige deurgevoer word. Die toepassing van die Evangelie deur die prediking is ingestel op die uitdeling van die verlossingswerk van Christus aan gelowiges.

Nou verbonde aan Luther se beskouing oor die prediking as strydmiddel is sy voorkeur aan prediking oor die jongste dag. Dit is opvallend hoe menigvuldig Luther die jongste dag in sy prediking betrek, selfs wanneer die teks dit nie aandui nie. Hy oordeel dat die tekens van die wederkoms duidelik aangegee en onderskeibaar is. Op hierdie dag sal daar skeiding kom tussen vromes en goddelose; vir die gelowiges verlossing en vir die goddelose verdoemenis. Dan is die stryd tussen Christus en Satan besleg en Christus tree as Regter op.

*Luther se preekwyses*

*Altyd Skrifuitlegging*

Die prediking van sy tyd het gekonsentreer op Christus as die toor-

nende Regter. Luther konsentreer daarenteen op uitleg van die Skrif. Met die klem op Christus as Regter het die Roomse tot werkheiligheid opgeroep. Hoe het Luther self nie, voor sy bekering, onder sulke prediking met vrees en wanhoop geworstel nie. Sy bevryding van die vreesaanjaging ter wille van werkheiligheid, het hom altyd by gebly. Daarom vind hy weer troos vir homself en die gemeente in die prediking van Christus volgens die Skrif. Preek en eksegese is by hom sinonieme begrippe. En uitlê van die Skrif is by hom meteen ook toepassing van die Skrif.

Prediking as Skrifverklaring vereis harde werk om 'n teks te deurgrond. Die werk bestaan in meditasie, nie net met die verstand nie maar ook met dryf en vryf ("treiben und reiben"), d.w.s. deur die teks indringend te bestudeer en tot helder begrip daarvan te kom. Hy sê die Skrifgedeelte moet gelees en herlees word, met aktiewe opmerksaamheid en nadenke oor wat die Heilige Gees daarmee bedoel.

Die waarskuwing van Luther is steeds vir elke prediker van realistiese waarde en krag: Wie te gou tevrede is, dra 'n ontydige vrug wat ook gou afval.

Vir hom is die Skrif die enigste outoriteit in die prediking. Hy bewys sy gedagtegang deurgaans met die Skrif en nie met ander menslike "outoriteite" nie. Hy sorg dat daar Skrifgesag in sy prediking is deur Skrifbewys, verklarende Skrifbewys en nie blote verwysings nie, al in sy Skrifbewyse nie altyd woordeliks, en ook nie altyd met aanduiding van die Skriftuurplek nie.

In sy tyd was die skolastiek aan die orde met tematiese preke, in 'n vaste boupatroon gegiet. By Luther bly daarvan niks oor nie. Geen "inleiding" wat met toepassings die Skrifverklaring vooruitloop nie. Hy gaan regstreeks met die teks aan die werk, want hy wil alleen die Skrif vertolk. Sy uitgangspunt is: Die Heilige Skrif verklaar homself. En die Skrif, waardeur God spreek, het inderdaad geen truuks nodig om hom te help om aandag vas te vang nie.

*Bybelse geloofsleer in die prediking*

Prediking het volgens Luther twee opdragte. 'n Preek moet leer en vermaan. Maar die leer het voorrang, want dit gee kennis van die heilswerk van God. Die toeëiening van die heil of saligheid wat God bewerk geskied alleen deur die geloof. Maar deel van die geloof is kennis van die kruis en opstanding se betekenis. En in die betekenis lê die geloofsleer.

Luther wil dat die prediking God se aanbod van genade helder en duidelik moet laat hoor. Daarom moet die prediking die Christelike grondwaarhede aan die volk oordra en in hulle lewens vestig. Om hierdie doel te bereik ag hy dit nodig dat die Kategismus daagliks gepreek moet word, want vir hom is die kategismus "perfekte leer". In sy eie prediking handel hy oor die geloofsleer t.o.v. sake soos doop, nagmaal, regverdigmaking, opstanding, gerig. Luther se teologie sal nie sonder sy preke saamgestel kan word nie.

Leer en eksegese (Skrifuitleg) en preek is vir hom dieselfde. Die leer moet deur middel van vermaning die wil van die mens beweeg tot uitvoering van wat die Skrif oplê (Dialectia docet, rhetorica

moret. Illa ad intellectum pertinet, hacc ad voluntatem). Die leer is vir hom sowel verkondigend as vertroostend. Hy bied geen ander troos aan as die doctrina, die geloofsleer, maar dan 'n leer van die Evangelie, die Blye Boodskap.

Luther se leer het nie slegs die heilsgebeure omvat nie. Dit was ook sterk apologeties, weerleggend. Hy het die valse wetsprediking van Rome, en alle valse Skrifgebruik wat eie gedagtes en fantasieë in die Skrif indra, weerlê. Teenoor die Dwepers handhaaf hy die egte geloofservaring onder egte prediking van die Woord van God. Ons kan sê dit is: ervaring op grond van openbaring. Maar hy sê die Dwepers ontbeer hierdie egte ervaring omdat hulle die ware getuienis van die Skrif nie het nie.

*Die adres van die prediking*

Luther kon meesterlik die gewone man bereik. Eenvoud en verstaanbaarheid was sy doelwit. Die gewone man moet kan verstaan. Preke wat met allerlei mooidoenery versier is, het hy verwerp. Die eenvoudige ráák kommunikerende woord is die regte preekwoord, en nie groot of hoë of mooi woorde en frases nie. Die preek moet ook tot die hart en die gewete van die mens spreek. Die geleerde preke van Zwingli en Bucer het hom nie aangestaan nie, maar hy het Mörlin geprys om sy eenvoud want die eenvoudige preke word deur die mense saamgeneem in hulle lewe. Hy ag die beste preek daardie preek wat deur die hoorder ső verstaan is dat hy dit kan oorvertel. Vir hom geld: wie die beste in staat is om eenvoudig en kinderlik en in die volkstaal en alledaags te onderrig, hy is die allerbeste prediker (qui maxime simpliciter et pueriliter et populariter et trivialiter potest docere, is est optimus praedicator).

'n Prediker moet hom op die gehoor instel, en nie so preek nie dat die gewone mense weinig ontvang nie. Christus is vir ons die voorbeeld van eenvoudige prediking met begrippe uit die daaglikse lewe van die mense met wie Hy praat.

## LITERATUURLYS

BAKKER, J. T., 1956: Coram Deo. J. H. Kok, Kampen. 1964: Eschatologiese prediking by Luther. J. H. Kok, Kampen.

DIEM, Hermann, 1947: Luthers Predigt in den Zwei Reichen. Chr. Kaiser Verlag, München.

KLUG, E. F., 1971: From Luther to Cheninitz. J. H. Kok, Kampen.

WITTENBORN, Eric, 1964: Luthers Predigt vom Jüngsten Tag. Rheimschen Friedrich-Wilhelms-Universität, Bann.